# Katalisfonds vir Natuurwetenskappe

## BEURSONDERSTEUNING

vir nagraadse studente by die Universiteit Stellenbosch

## Konteks

Navorsing is 'n kragtige werktuig in die globale ekonomie. Ontwikkelings op die gebied van die wetenskap, tegnologie en innovasie, verander wêreldwyd die wyse waarop mense leef, kommunikeer en sake doen, en beïnvloed die ekonomiese groei en ontwikkeling. Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan (2012) het 'n teiken gestel vir die lewering van 5 000 doktorale graduandi teen 2020 (1 876 in 2012) ten einde die land se navorsing- en innovasiekapasiteit uit te brei en broodnodige werksgeleenthede te skep oor die volgende paar jaar. Die meeste van hierdie kennis word binne universiteite en navorsingsrade gegenereer.

## Unieke waarde-aanbod – Die Fakulteit Natuurwetenskappe

Die Fakulteit Natuurwetenskappe by die Universiteit Stellenbosch (US) bied 'n wêreldklas navorsingsomgewing, institusionele ondersteuning en die spesialiskennis om nagraadse studentesukses te verseker.

Die US is daartoe verbind om die volgende generasies Suid-Afrikaanse wetenskaplikes op te lei – 'n groep innoverende en kritiesdenkende mans en vroue wat 'n aktiewe rol kan speel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing en wat katalisators sal wees in die skeppingsproses van die kennis-intensiewe ekonomie wat so deurslaggewend is vir Suid-Afrika se groei en ontwikkeling. Teen hierdie agtergrond en in die lig van die ernstige besnoeiing van fondse aan Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings vir nagraadse studies, het die Fakulteit Natuurwetenskappe die Katalisfonds bekendgestel ter ondersteuning van verdienstelike nagraadse studente wat aan spesifieke kriteria voldoen.

## Versoek vir ondersteuning

Die Fakulteit benodig ongeveer R11 miljoen per jaar om beurse vir sy nagraadse studente te kan gee. Ondersteuning kan 'n volle beurs of 'n bydrae tot die beursfonds wees. Bydraes kan in die onderstaande bankrekening inbetaal word:

| | |
|---|---|
| NAAM VAN INSTELLING | Universiteit Stellenbosch |
| BANK | Standard Bank |
| TAK | Stellenbosch |
| TAKKODE | 05 06 10 |
| REKENINGNAAM | Universiteit Stellenbosch (Algemeen) |
| REKENINGNOMMER | 073006955 |
| Verwysing | Catalyst Fund FoS |

**KONTAK:** Anneke Müller
**Fondswerwer:** Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit Stellenbosch
**Tel:** +27 21 808 4904 • **E-pos:** annekem@sun.ac.za

UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY

100 1918 · 2018



"Dit was liefde met die eerste oogopslag. Daar was nie ander opsies nie. Ek was van plan om 'n loopbaan in wiskunde te volg – in watter gedaante ook al."

Dr Ronalda Bejamin

Lektor in Wiskunde, Universiteit Stellenbosch

Ek het van Worcester af gekom om met behulp van 'n beurs my as Wiskunde-onderwyser te bekwaam. Sonder 'n beurs was tersiêre studie nie eers 'n opsie nie, want my familie was nie in 'n posisie om tot my studies by te dra nie. My pa was 'n handelaar en my ma het na die huishouding omgesien.

My hoërskool het nie universiteitsopedae bywgewoon nie. Toe ek dus die eerste keer my voete op kampus gesit het, het dit my regtig lank geneem om aan die stilte rondom my gewoond te raak. Die utopia van my universiteitsomgewing het in totale kontras gestaan met die geharwar van die Riverview Flats waar ek grootgeword het. Straathoekbendebedrywighede en dwaalkoeëls was nog altyd die norm, so om Stellenbosch toe te kom was 'n absolute skok vir my sisteem.

Beurse het sedert my laerskooldae 'n krities belangrike rol in my opvoeding gespeel. Op skool het die African Scholars Fund my gehelp om meer wiskundeboeke te koop wat my in staat gestel het om my verwysingsraamwerk uit te brei, wyer as wat ek in die klaskamer geleer is. Toe ek Stellenbosch toe kom, was my wiskunde-onderwysbeurs my toegangskaartjie om vir 'n BComm-graad in Wiskundige Wetenskappe te studeer. Gedurende my nagraadse studies is ek deur verskeie fondse bygestaan, wat beteken het dat ek uitsluitlik op my studies kon fokus sonder die konstante vrees oor waar my volgende maaltyd vandaan sou kom.

Niemand wat ek goed geken het, of enige van my familielede was op universiteit nie. Niemand kon my voorberei vir die reis wat ek op pad was om te onderneem nie. Ek moes vining leer om seker te maak dat my beursgelde nie voor die einde van die akademiese jaar opraak nie. Die bestuur van jou beursgeld is werklik baie belangrik. Dit leer jou verantwoordelikheid en om aanspreeklikheid te aanvaar wanneer dinge skeefloop.

Die finansiële ondersteuning wat ek gedurende my universiteitstudies ontvang het, het my in staat gestel om my droom, dit waarvan ek die meeste hou, na te streef. Ek het vandat ek kan onthou, hierdie passie vir wiskunde. Vandag leef ek my droom en kan ek my dit nie anders voorstel nie.